Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 22 Aug 2018
Page: 23

AVE: 4578.90
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

## Jaguars grom weer hard in netbaltoernooi

Die Noord-Gautengse Jaguars is terug op die wenpad in die internasionale Superklub-toernooi, wat in Nelson, Nieu-Seeland, beslis word.

Dié netbalspan het die Sneakers van Singapoer gister met 25 doele, met 72-47 geklop. Die Suid-Afrikaners het die toernooi Sondag skitterend afgeskop met 'n skoksege oor die Steel van Nieu-Seeland, maar is eergister terug aarde toe gebring toe nog 'n Nieu-Seelandse span, die Tactix, hulle met 64-36 slae gegee het.

Die Suid-Afrikaners kom môre teen die gekombineerde span van Fidji en Samoa, Marama Vou, te staan.

Die laaste wedstryde word Vrydag beslis.

Hul Tuks-spelers vertrek met hul terugkeer na Suid-Afrika dadelik na Bloemfontein, waar hul Sondag teen die Kovsies en Maandag teen die Pukke in die Varsitybeker-reeks te staan kom. – **Annchen Nel**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.